

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 8

1 Maart 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

TOELATING 2020: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel deur middel van ‘n skrywe indien u ‘n kind(ers) vir graad R of graad 1 vir 2020 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes kan aanbeveel. Die advertensie vir 2020 toelating het in Die Burger verskyn. By voorbaat dankie vir u ondersteuning en samewerking.

BELANGRIKE KENNISGEWING RAKENDE OUERS SE GEDRAG OP SKOOLGRONDE
Let asb. daarop dat u as ouer/voog ***ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE*** reg in eie hande mag neem en ‘n leerder verbaal of fisies mag dissiplineer op die skoolgronde nie. Indien ‘n kind se optrede volgens u nie na wense is nie, moet u asb. die lynfunksie volg deur eerstens ‘n personeellid/nasorgdame te roep om die saak te hanteer. Die personeellid/nasorgdame sal die aangeleentheid daarna hanteer en aan ‘n bestuurslid rapporteer. Ouers wat hulself skuldig maak aan bogemelde gedrag mag die skoolterrein geweier word. Ons doen ‘n beroep op u as ouer om asb. ander kinders met die nodige respek te hanteer soos u wil hê ander ouers u kind moet hanteer wanneer u nie teenwoordig is nie.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help, (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet my asseblief wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer.
By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND
Vanaand is dit weer tyd vir ons ouer-en-kind-tennisaand wat elke eerste Vrydag van die maand, om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Ons sien uit daarna om vanaand meer paartjies op die baan te sien.

FLINKSPEL
Neem asseblief kennis dat die Flinkspel-datum op die skrywe korrek was as 12 Maart, maar die dag was foutiewelik as 'n Vrydag aangedui. Die leerders skryf dus Dinsdag, 12 Maart Flinkspel. Borgvorms moet teen Vrydag, 8 Maart, by die klasopvoeders ingehandig word. Baie dankie vir u samewerking met hierdie projek.

BLOEDSKENK
Graag doen ons 'n beroep op ouers en familie bo die ouderdom van 16 wat nog nie hierdie kwartaal bloed geskenk het nie om betrokke te raak by die inisiatief. Ons wil graag skenkers werf wat 4 keer per jaar, dus een maal per kwartaal bloed skenk. So maak ons 'n verskil in ander se lewens wat bloed nodig het om te oorleef. Dankie vir diegene wat reeds gaan bloed skenk het.

HOPE FOR KIDS FUN RUN
Graag moedig ons leerders, ouers en onderwysers aan om deel te neem aan die Hope for Kids Fun Run, 21 Maart 2019, by Londt Park Sportklub. Dit is gedurende die vakansie en die skool met die meeste inskrywings kan R5,000 wen. Die tweede plek is R1,000. Dit is sommer 'n lekker manier van fiks word vir die rugby- en netbalseisoen. Daar is ook heelwat gelukkige trekkings na die wedloop. Kry jou inskrywingsvorm volgende week by Mev. Campher en handig dit by die kantoor teen Woensdag, 13 Maart in dat ons 'n lywige groepinskrywing kan maak. Inskrywingsgelde is R40. Dit is 'n heerlike dag om saam as gesin te geniet. Hope for Kids is betrokke by ons VCSV en het ons ook verlede jaar gehelp met die wakkerbly. Ons ondersteun hulle graag.

VAKANSIENASORG: MAART 2019
Ons bevestig dat die vakansie-nasorg wel in die Maart-vakansie voortgaan.
Die tydperk is:

1. **<u>18 Maart tot 29 Maart (9 dae). (Skole sluit 15 Maart 2019 en Woensdag 21 Maart: Menseregtedag)</u>**
2. U moet asseblief ook onderneem om die Nasorgtye nl. <u>07:30-17:30, stiptelik</u> te eerbiedig.

Die tarief beloop R 450 kind (R 850 vir 2 kinders) en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar. Gelde teen 7 Maart 2019, betaalbaar.

SKOOLGELDE 2019

Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 – 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R13 600	R 1 360	R 1 237
Tweede kind	R12 400	R 1 240	R 1 128
Derde kind	R 8 600	R 860	R 782
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
Graad R (Maandeliks vooruit)	R13 600	R 1 360	R 1 237

NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM: KWARTAALLIKS VOORUIT BETAALBAAR				
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	***MUSIEK: VOORUITBETAALBAAR***	***MAANDELIKS***
13:00/13:30 – 14:00	R 4 500	R 1 125	***PERIODE(S) P/W***	***PER MAAND (10 MNDE)***
14:00 – 17:30	R 6 680	R 1 670	*1*	*R 180*
13:00/13:30 – 17:30	R 7 800	R 1 950	*2*	*R 280*
			3	*R 410*

BANKBESONDERHEDE:

REKENINGNAAM **LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK **ABSA**
REKENINGNOMMER **1400490089**
TAKKODE **632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2019. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of direk in ons bankrekening betaal.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2019 sal 'n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019 'n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 28 Februarie 2019**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorms moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.
Geen verligtings wat in 2018 toegestaan is, word na 2019 oorgedra nie.

GEDAGTE VIR DIE WEEK



JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 4 Maart	:	Klerewinkel: ***07:30-12:00***
		LV toets (graad 4 – 6)
		Flinkspel borgvorms inhandig
		Kuns: graad R – 2 ***13:30-14:30***
		Kuns: graad 3 ***14:00-15:00***
		Kuns: graad 4 – 7 ***14:15 – 15:00***
Di – 5 Maart	:	KK toets (graad 7)
		Kuns: graad R – 2 ***13:30-14:30***
		Kuns: graad 3 ***14:00-15:00***
		Kuns: graad 4 – 7 ***14:15 – 15:00***
		Mini-Krieket 0/9 teen Cotswold (w)
		Tennis snr. Seuns B-span teen Summerwood (7th Ave Tennis Club Summerstrand)
		Tennis snr. Seuns C-span Summerwood B(t)
		Tennis jnr. Seuns A-span teen Clarendon Park B (w)
		Tennis jnr. Seuns B-span teen Clarendon Park A(w)
		Finansiële kommitee vergadering : 16:30
Wo – 6 Maart	:	Klerewinkel: ***12:00-14:30***
		LO toets (graad 7)
Do – 7 Maart	:	Biblioteekboeke inhandig
		Framesby rugby-driedrukfees 0/13A
		Framesby netbalfees 0/12A & 0/13A
		Dance Kids-ballet graad R: **13:15**

Vr – 8 Maart : Klerewinkel: ***07:30-12:00***
Rugby & Netbal: Blouwaterbaaifees 0/13A
Drama: graad R – 2: ***12:45 – 13:30***
Drama: graad 3 – 7: ***12:45 – 13:45***

Sat – 9 Maart : Rugby : Blouwaterbaaifees 0/13A + 0/11A
Altona mini-kriekettoernooi: 0/8, 0/9 & 0/10 **(08:00-12:00)**

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
25 Februarie	0/13B	Grey Warriors	Warriors teken 115 lopies aan in 20 boulbeurte LNP teken 65 lopies aan LNP verloor met 50 lopies
26 Februarie	0/9 Mini-Krieket	Herbert Hurd	A-span: LNP wen 19 – 4 B-span: LNP wen 28 – 6
26 Februarie	0/11B	Super Kings	Super Kings teken 109 lopies aan vir 4 paaltjies plat LNP teken 45 lopies aan vir 6 paaltjies plat LNP verloor met 64 lopies
27 Februarie	0/13A	Zwide Hub	LNP teken 109 lopies aan Reinhardt Welman teken 31 lopies aan Zwide Hub teken 91 lopies aan Divan Els neem 5 paaltjies vir 18 lopies Jaco van Mosseveld neem 3 paaltjies vir 18 lopies LNP wen met 18 lopies

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
26 Februarie	snr. seuns A	Clarendon	LNP verloor met 5 potte
26 Februarie	snr. B	Grey E	LNP wen met 17 potte
26 Februarie	snr. seuns C	St. Dominic's Priory	LNP verloor met 16 potte
26 Februarie	jnr. seuns A	Clarendon	LNP wen met 2 potte

ATLETIEK

Ons wil die volgende atlete wat na die Oos-Kaap Kampioenskappe in Cradock op Saterdag, 2 Maart, deurgedring het, alle sterkte toewens vir die naweek se deelname:

- Janke-Mari Vermaak: gewigstoot 0/10
- Lincoln Kunneke: gewigstoot 0/10
- Aneska Ferreira: hekkies 70m 0/11

SWEM

Juwan Wium in graad 7D het op Sondag,17 Februarie 2019, aan die oudste ope-water-swem, die "Sundays River Men's Mile" wat jaarliks by die Sondagsriviervallei plaasvind, deelgeneem.
Juwan was een van 237 mans-swemmers van verskeie ouderdomme wat deelgeneem het, en het 'n algehele 36ste posisie met 'n tyd van 17:10, behaal. Baie geluk!

TALENT AFRICA : REGIONALS

Mia Beer in graad 4B het op 22 en 23 Februarie aan die streek "Talent Africa"-kompetisie deelgeneem en het vir Oos-Kaap kleure gekwalifiseer.
Sy sal ook aan die Nasionale kompetisie wat vanaf 3 – 6 April plaasvind, deelneem. Baie geluk!

TWEEKAMP

Juwan Wium in graad 7D het op Woensdag, 20 Februarie 2019, Laerskool Newtonpark in die seuns 0/13 OP kampioenskappe vir tweekamp, verteenwoordig. Hy het die 1200m wedloop in 04:13 afgelê, die 100m vryslag in 1:11:57 (persoonlike beste tyd) en algehele 4de plek met totale punte van 2181, behaal en is ook tot die OP tweekampspan verkies om OP by die SA tweekamp-kampioenskappe wat op 28-30 Maart 2019 plaasvind, te verteenwoordig.

Baie geluk met hierdie puik prestasies!

IBHAYI KLUB-KOMPETISIE

Kate Gough in graad 4DE en Emma Gough in graad 2R het op 23 Februarie aan die Ibhayi klub dans-kompetisie deelgeneem en onderskeidelik soos volg presteer:

Kate Gough: Vlak 3 - 0/10 – Free dance & ball routine – 2de plek (Silwer medalje)
Emma Gough: Vlak 1 - 0/8 – Free dance routine – 2de plek (Silwer medalje)

Baie geluk!